Bybel vir Kinders

bied aan

Jesus Kies Twaalf Helpers

Geskryf deur: Edward Hughes

Ge-illustreer: Byron Unger; Lazarus

Vertaal deur: Yvette Brits

Aangepas deur: E. Frischbutter; Sarah S.

Storie 39 van 60

www.M1914.org

Bible for Children, *PO Box 3, Winnipeg, MB R3C 2G1 Canada*

Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Afrikaans

Jesus het wonderlike dinge gedoen. Hy het siektes genees, gekwelde mense vrede gegee in hulle harte en verstand, en God se Woord aan mense geleer.



1

Skares het na Jesus gekom vir help en genesing.

2

Hy het besluit om twaalf mans van Sy baie volgelinge te kies, om Hom te help in Sy werk vir God.

3

As jy belangrike besluit moet neem, bid jy daaroor by God? Jesus het! Op 'n stil plek op 'n berg het Hy met Sy Hemelse Vader gepraat. Jesus het gebid tot die son onder gegaan het.



4

Jeus het deur die lang donker nag gebid.

5

In die oggend het Jesus al Sy volgelinge geroep – al die vriende wat Hom gedien en gehoorsaam het.



6

Van hulle het Hy twaalf gekies om spesials helpers of apostels te wees.



7

Die eerste twee wat Jesus gekies het was broers, Simon Petrus en Andreas. Hulle het hulle visvang besigheid gelos toe Jesus hulle geroep het om Hom te volg.



8

Jakobus en Johannes, seuns van Sebedeus het ook hulle visser nette gelos.

9

Jesus het ook die volgendes gekies, Fillippus, Bartlomeus, Matteus, Tomas, Jakobus seun val Alfeus, Taddeus, Simon die Kananeër, en Judas Iskariot wat vir Jesus verraai het.



10

Jesus het hulle geleer dat om te doen soos Hy sê, is soos om 'n huis op 'n stewige fondasie te bou. Woeste storms sal nie die huis kan verwoes nie.

11

Maar om nie Jesus se word te gehoorsaam nie, is soos om 'n huis op 'n sand fondasie te bou. Wanneer 'n storm kom sal die huis omval.



12

Party van Jesus se opdragte was nie maklik nie. "As iemand jou op die regter wang klap, gee jou linker wang ook," het Hy geleer. "Wees lief vir jou vyand." Mense het God se hulp nodig om soos Jesus te leef.



13

Jesus het ook vir die mense gesê om in die geheim te bid – hulle moes nie hulle gebede ten toon stel voor mense soos party godsdienstige leiers dit doen nie.

14

Jesus het gesê dat God die mense wat in Hom glo sou voed en klee.

15

Hy gee kos vir die voëls en pragtige kleure vir die blomme en plante, Sy mense kan Hom vertrou vir al hulle behoeftes.



16

Jesus het Sy nuut verkose helpers baie dinge geleer daardie dag. Toe Hy klaar was, het 'n melaatse na Hom gekom en Hom gesmeek om hom gesond te maak.

17

Jesus antwoord die melaatse, "Ek wil. Wees skoon." Terwyl sy helpers toekyk het die melaatse gesond geword. Hy was genees. Net God se Seun kon dit doen. Die helpers het geweet hulle het 'n wonderlik Meester.



18

Jesus Kies Twaalf Helpers

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Matteus 4-7, Markus 1, Lukas 6

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

God weet ons het lelike dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood.

God het ons so lief gehad dat hy Sy Enigste seun, Jesus, gestuur het om aan 'n kruis te sterf om vir ons sondes te betaal. Jesus het lewendig geword en Hemel toe gegaan! Sodat God ons ons sondes kan vergewe.

As jy nou jou sondes vergewe wil he, se die volgende aan God: Liewe Jesus, ek glo dat U vir my gesterf het en weer opgestaan het. Kom asseblief in my lewe in en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, en eendag vir ewig saam met U kan lewe. Help my om vir U te lewe en U kind te kan wees. Amen. Johannes 3:16

Lees die Bybel en praat met God elke dag!